## Meervoude (*plurals*)

In Afrikaans is daar verskeie maniere om die meervoud te vorm. Die sewe mees algemene agtervoegsels is:

| Agtervoegsel | Voorbeelde |
|---|---|
| -s | bottels, branders, swemmers |
| -'s | ma's, pa's, avokado's, safari's |
| - e | visse, mense, haaie, matrose |
| -ens | ouens, beddens, hawens, |
| -ers | kinders, lammers |
| -de | hoofde, hemde, |
| -te | ligte, vrugte, joernaliste, tydskrifte |

1. Skryf die onderstaande woorde in die **enkelvoud** (*singular*).

| | |
|---|---|
| bottels | |
| branders | |
| swemmers | |
| plakkies | |
| ma's | |
| pa's | |
| avokado's | |
| safari's | |
| visse | |
| mense | |
| haaie | |
| matrose | |
| ouens | |
| beddens | |
| hawens | |
| kinders | |
| lammers | |
| hoofde | |
| hemde | |
| ligte | |
| vrugte | |
| joernaliste | |
| tydskrifte | |

2. Wat is die meervoud van hierdie uitsonderings?

| | |
|---|---|
| tegnikus | |
| elmboog | |
| duif | |
| besigheid | |

### Ken die woorde

besigheid – *business*
elmboog – *elbow*
hawens – *harbours*
joernaliste – *journalists*
kreef – *crayfish*
lammers – *lambs*
matrose – *sailors*
plakkies – *sandals*
tydskrifte – *magazines*

### Wenke

- Woorde wat op –heid eindig, word –hede in die meervoud, bv. verantwoordelikheid – **verantwoordelikhede** (*responsibilities*)
- Woorde met dubbel medeklinkers wat op 'n –f eindig, word –we in die meervoud, bv. kreef – **krewe** (*crayfish*)
- Woorde met kort medeklinkers wat op 'n –f eindig, word –wwe in die meervoud, bv. straf – **strawwe**

© Oxford University Press Southern Africa

3. Lees die onderstaande storie en vul die korrekte meervoudsvorm van die onderstreepte woorde by die tabel in.

| Meervoudsvorm |
|---|
| a) |
| b) |
| c) |
| d) |
| e) |
| f) |
| g) |
| h) |
| i) |
| j) |
| k) |
| l) |

Twee a) kind gaan een oggend baie vroeg swem. Daar is geen b) wolk in die lug nie. Dit is laagwater en die see is kalm. Hulle c) ouer slaap nog. Conrad neem 'n paar d) foto met sy selfoon van die son wat opkom. Johannes sien nie enige rooi e) vlag op die strand nie.

f) Seemeeu vlieg oor hulle kop op soek na kos. Die twee g) seun hardloop die water in. Dis yskoud en in die verte sien hulle h) visserboot. Hulle voel soos i) toeris in hul eie land. Conrad en Johannes duik deur die branders en swem dieper en dieper totdat hulle nie meer die sand onder hulle j) voet kan voel nie.


Niemand het dit verwag nie. Ewe skielik sien hulle 'n haaivin bo die water. Hulle skree en probeer om uit die water te kom. Dan is daar 'n klomp haaie. Johannes besef dit is nie haaie nie, dis k) dolfyn. Hulle kon nie hul l) oog glo nie. Dit was die beste gevoel ooit!

4. Skryf die meervoud van die vetgedrukte woorde neer.

| | |
|---|---|
| a) Hy sit sy **toon** in die koue water. | |
| b) Die **ster** skitter in die hemel. | |
| c) Die **koning** vaar oor die see om mekaar te sien. | |
| d) Die akwarium het verskillende tipe **seedier**. | |
| e) Daar is baie **voetspoor** in die sand. | |
| f) Die oord het koue en warm **swembad**. | |
| g) Die **skip** vaar oor die Atlantiese Oseaan. | |
| h) Die eiland is vol **krap**. | |
| i) Die meisie brand haar **been** in die son. | |
| j) Die lewensredder het twee **horlosie**. | |

5. Skryf die volgende meervoude by die korrekte prente.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| waaiers | sambrele | sandkastele | dae | paaie |








© Oxford University Press Southern Africa